

Die Finale Aanslag

Die finale aanslag

In die laaste tyd het die aanslag van die duisternis so geweldig geword dat die Lig besluit het om 'n einde daaraan te maak. Die Lig (YAHUSHA) het openbaar wat die duisternis se oorlogstaktiek is sodat die klompie *Yashar'EL*/ Saksers wat nog oor is kan sien dat hulle wel in 'n oorlog is. Met studie sal ons sien dat Ha satan sinspeel dat daar 'n oorlog geveg is na geregtigheid tussen hom en YAH oor *Yashar'EL*. Lees gerus Deut.29:29; Job.12:22; Ps.98:2; 1Pet.1:5; 1Joh.3:10 en sien dat openbaringe daar vir ons is oor die scenario.

Ha satans en sy werkers (*demone*) ry fisies die *Yashar'EL* asof hulle veg perde is (*Tussen Yashar'EL / Saksers*). Party *Yashar'EL* is vervul met demone en ander is weer net verblind deur hulle. demoon-vervulde *Yashar'EL* gebruik die duisternis met lus om die blinde *Yashar'EL* te mislei; Hetsy vervuld of nie hulle doel in die geveg is dat jaloesie, kwaad of enige wêreldprobleme. Deur eiegeregtigheid en wêreldprobleme maak hulle dié uitverkore op teen YAH; Dus word die uitverkore van YAH vegter vir die duisternis: *Jer.7:24; Matt.5:37; 12:25; 1 Joh.3:12; Open.12:17*.

Die duisternis se aanval tegniek is goed uitgewerk (*hulle dink so*), omrede hulle met al hulle magte sit en wag terwyl die demoon-vervulde *Yashar'EL* onder mekaar baklei en baie skade ly. Met die verloop van die oorlog sal baie dinge geopenbaar word, dan sal daar baie *Yashar'EL* se oë oopgaan; Lig sal deurdring om te begin skyn na hulle. *Jes.58:8; Miga.2:13*

Na die eerste fase van misbruike *Yashar'EL* sal die oorlog oorgaan na die tweede fase waar “in die plek van dié Gesalfde” (*anti Nasaréner*) ten volle oorgehaal is om met mag die *Yashar'EL* van die aarde af te vee: *1Joh.2:18,22; 1 Joh.4:3; 2 Joh.1:7*. (Min wetend dat YAHUSHA reeds vir ons “gewen” het *Joh.16:33; Open.6:2; 12:7-9*).

Die kerk/krygsgevangenes word gevoer met gif van die duisternis soos: kwaad, vrees en verwerping. Baie sterf in gevangenskap deur hulle eie broers (*predikers*) se wellus en eiegeregtigheid. In kerk/gevangenskap kom blindheid waardeur vergiftiging kom; Die vergifte *Yashar'EL* broers veg teen mekaar. Ha satan en sy magte veg al vir baie jare subtiel onder die Adamiete waarvan hulle links en regs uitmoor word (*Vlees en geestelik*). Die duisternis het so verskans geraak onder die uitverkore (*Vegters*) van YAH dat hulle dit moeilik vind om die ruiters van duisternis te dood: *2 Pet.2:12-22*

Soos die oorlog voortsleep kry die vegters op die slagveld baie swaar veral teen: (1) *Vroue met 'n ander uitkyk op die lewe wat na vrede streef en net wil laat leef* (2) *Kinders wat nie fout vind om te verander van die ouers se sieninge nie “liberalistiese gedagtes”* (3) *Oumense wat eiewys is en net glo wat vir hulle reg is* (4) *Die manne wat konsekwent in hulle eie besluite is om te veg teen die aanvalle of om oor te loop en die aanvallers te vergesel teen hulle eie mense “joiners”* (5) *Vryheid gelykheid en broederskap*).

Die duisternis dink dat hul strategie wat daar gestel was volmaak is en dat hulle nie eers hul eie mag hoef te gebruik om die kinders van Lig aan te val nie. Die oorvol kampe/kerke met ongekende gewondes is kwaad en ontevrede teenoor VADER oor hul geliefdes wat gesneuwel het in die oorlog, tog hulle eie toedoen: Lev.18:23; Lev.20:12; Eseg.9:12; Ps.106:35; Dan.2:43. In die kampe/kerke (*Gevangenisse*) gaan daar 'n ontwaking kom; 'n Groot om-wenteling gaan teweeg gebring word in die skyn-oorlog. Onder hulle sal daar gene opstaan om dié te versterk om uit die latentheid te ontwaak sonder dat die duisternis iets daaraan kan doen. Hulle sal die wapen-uitrusting van **Geloof** “wat vaste vertroude daar stel”, **Hoop** “wat versekerdheid na vore bring in die waarheid” en **Liefde** “wat tot VADER en sy naaste is”. Met die uitrusting sal hulle nou uit die kampe kan breek en terugkeer na die vegters van die Lig. Met die nuwe uitrusting is hulle onkundig, en daarbenewens, moet hulle eers vlug na die berg van Sion van geregtigheid. Daar sal hulle versterk word en meer kundigheid ontvang om die vyand/heiden te oorwin. Die nuwe rekrute sal opmerk dat aan die onderpunt van die berg hewige gevegte woed. Hoekom? Want die vyand weet dat die berg nie vir die heiden bedoel is nie, en ook geen beskerming aan die heiden bied nie.....

Hoe hoër die ontwaakte klim (*leerproses*) hoe groter en sterker word hulle wapen-uitrusting (Jer.46:4). Wat belangrik is, is dat hulle nooit enige van hulle wapen-uitrusting mag uittrek of agterweë laat nie. Die rede is dat die uitrusting hom gaan ondersteun, want die berg aan die onderkant glad en glibberig is en dat jy dit nodig sal hê met die optog. Daar gaan tye kom dat die rotswande so skerp gaan wees dat jy jou swaard moet gebruik om dit in die skeure in te steek om jou te stabiliseer sodat jy nie na benede stort waar die geveg nog hewig is nie (*kerkisme*).

Besef moet daar ook wees dat alle Sions bergklimmers kwesbaar is op enige vlak van die klimtog (*van jongeling tot 'n ou geleerde*: Matt.26:41; Luk.4:13; Luk.8:13; Jak.1:12,13; 2 Pet.2:9).

Met die klim proses (*leer*) word jy al hoe minder moeg om te klim en jou sig en sterkte vermeerder. Met die hoër opklim van die berg begin jy bo-oor die geveg te sien wat benede woed tussen die *Yashar'EL* wat deur die demone gery word soos perde. Jy kan nou ook makliker die demone vandaar afskiet met jou pyle om die misbruike *Yashar'EL* te bevry (*uitdryf van demone*). Jy weet ook dat hulle pyle nie meer by jou kan uitkom nie (*jy meng nie met hulle nie*). Jy sien ook dat dit veiliger is om vanaf die berg te veg en nie tussen hulle nie (*seks en dobbel huise*).

Met die klimtog sal jy ander groepe (*Koninkryk groepe*) ontmoet wat ook bergklim om te leer. Daar gaan wees wat andere help om die toerusting te gebruik; Ander wat moet rus weens hulle beserings; Andere wat goed klim sonder om te val.

Andere wat reeds bo-op die berg gewees het is al weer op pad na onder toe om die andere te gaan ondersteun aan die voet van die berg (*So is daar verskillende vlakke van die bediening en leerproses*).

Met die bereik van die kruin van die berg sal jy die Boom van die Lewe sien (*YAHUSHA dié Gesalfde*). Hy sal jou met krag en onverskrokkenheid voed met meer as wat jy besef (*So ook met wysheid, verstand ens.*).

Vervul met krag en wysheid kan jy weer afgaan om te veg, maar die keer net vir Sy toekomstige Koninkryk. Matt.4:23; 9:35; 24:14; Mark.1:14; Luk.8:1; 9:2,60; 16:16

Die vyand is sterk en slu daarom pasop vir sy aanval tegnieke. Hy weet dat jy nou Geloof met vaste vertrouwe, Hoop in versekerdheid en Liefde tot VADER en jou naaste ontvang het. Dus kom hy na jou soos 'n troetel slang met jammerhartigheid wat jou omkrul, totdat hy jou vas het en jou druk en versmoor tot die dood (*Wat gaan nou van ons word! 'liberalisme'*).

Wysheid en insig het YAHUSHA aan ons geskenk om die duisternis se strategie uit te wys. YAHUSHA het ook die verborgenhede van VADER aan ons geopenbaar om ons te versterk in die oorlog (Matt.13:11; Luk.8:10; 1 Pet.3:4).

Ons grootste en sterkste wapen wat ons ontvang het kom van VADER, dit is Sy Liefde! Dit moet ons daaglikse brood wees sodat ons van krag tot krag kan groei. Met dit wat ons bekom het 'kan en mag' ons nie meer faal in enige gevegte met die duisternis nie. Soos die model gebed sê: "*ons daaglikse brood*" wat beteken dat dit die liefde van VADER is!

(Joh.15:9, 10; 1 Joh.2:15)

In die oorlogsgeweld kom daar beserings, en VADER weet daarvan,. Nie dat HY dit toegelaat het nie maar, omrede dit jou deel uitmaak om sterk te kan staan vir HOM (Matt.18:7). Hy laat toe dat jy tot 'n mate gekwes of beseer word sodat jy daardeur kan leer en groei. (*VADER versoek nie, maar Hy ondersoek, toets en beproef wel*).

Met die besering gaan jy na Sy militêre hospitaal om daar te gaan herstel. Deur die behandeling leer en ontvang jy baie kennis oor die soort besering wat jy opgedoen het. Elke besering wat jy opdoen laat 'n ewige merk op jou, maar daardie merk word met goudstof bedek. So elke beserings merk word 'n goue medalje wat jy ontvang as 'n ere-beloning.

Met herstel stap jy nou sterker uit VADER se hospitaal. Met al die informasie kan jy nou ander inspireer op die oorlogsveld en noem dat daar wel genesing is.

So om beseer te word in die geveg vir VADER is 'n groot eer!!